

# 'n Geletterde Boom?

Toe 'n ou stomp wat jare lank reeds in die kwekery van die Departement Gemeenskapsontwikkeling, agter die ou Presidensie in Bloemfontein lê, onlangs vir vuurmaakhout opgekap is, kon die Superintendent van Tuine, mnr. J Venter, sy oë nie glo nie, want die stomp was vol letters. Dit klink onwaarskynlik, en dit is ook onwaarskynlik — maar tog, daar was dit. Duidelike donker letters, afgebeeld op die vlakke waar die hout gekloof is. Die eienaardigheid is juis dat die stomp van buite geen letsels of letters toon nie, maar wanneer dit in die lengte gekloof word, sowat 50 mm vanaf die buitekant, dan sit die letters daar.

Dit is nie bekend of die bloekomstomp dié van 'n boom is wat agter die Presidensie gegroei het en of dit van elders daarheen aangery is nie. Deur wie en presies hoe die letters aangebring is, is eweneens onbekend. Dat dit wel lank gelede moes gewees het dat iemand iewers dié netjiese letters op die stam van 'n bloekomboom uitgekerf het is egter duidelik. Dit moet baie jare se groei wees wat dié letters laat genees en toegroei het. ©



Mej. Rina Bezuidenhout by die boomstompe waarop die letter L gesien kan word.

## Ethnobotany in South West Africa

The ethnologist of the Museum, Mr E du Pisani, recently visited Namaland and the Namib in South West Africa to obtain information on the past and present utilization of plants by the local people. This survey forms part of a larger project on *Indigenous Food Resources and Gathering Systems : Ethno- and Archaeobotanical Studies* in association with the Departements of Anthropology and Archaeology of the University of Stellenbosch.

Data recorded included the different uses of plants, e.g. for food, technical or medicinal purposes, the reasons for utilizing specific plants or plant materials, as well as vernacular names for plants and their taxonomy. Ethno-botanical data on such a broad base is relevant to a number of scientists, including anthropologists, archaeologists, botanists, linguists, nutritionists and conservationists. It also provides a picture of man-plant relationships within a particular community or area. ©



GEDRUK DEUR DIE NASIONALE MUSEUM, BLOEMFONTEIN